

26 Desember

**Skrifgedeelte: Jesaja 7:1-25**  
**Fokusgedeelte: Jesaja 7:10-16**

### **Kersfees bring 'n krisis in die lewe**

'n Verbaasde Maria word deur die ou man, Simeon, geseën met: "Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en opstanding vir baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word." Baie jare vantevore moes Agas en Israel dieselfde waarheid uit die mond van die Here aanhoor.

Dit mag jou verbaas dat Kersfees jou juis in 'n krisis dompel. Die mens soek ontvlugting uit sy lewenswerklikheid. 'n Gekommercialiseerde Kersfees is 'n uitstekende ontvlugting. Jy skep jou eie verlossing.

Agas het teen die Woord van die Here sy eie verlossingsplan gehad. Hy gryp vas aan Assirië en word verlos van die onmiddellike bedreiging, Aram en Efraim. Met sy optrede skep hy groter probleme vir die volk, Israel. Erger, hy vermoei en beledig die Heilige van Israel, die God van die verbond. God wil hom 'n voorsmaak van Kersfees gee (vs 4, OAV): "... wees nie bevrees nie ...". Van God en sy verlossingsplan wil Agas egter niks weet nie.

Dit is een ding om die Here te verontagsaam en te beledig, maar iets anders om sy verlossingsplan in die wiele te ry. Immanuel, die Vervuller en vervulling van God se beloftes en trou, word nogtans gebore, maar nou as teken van God se radikale oordeel oor sy ontroue volk. Hy laat hulle nie los nie, maar maak sy beloftes waar deur oordeel heen.

As Kersfees enersyds die vreugdewoord (Luk 2:10), "Moenie vrees nie ..." is, dan is dit andersyds ook Gods oordeel oor ongeloof (Jes 7:1-9) en skynheiligheid (vs 12-13). Immanuel is nie net 'n heilsteken nie, maar ook onheilsteken, 'n teken wat aan ons gegee is tot oorgawe aan God, om deel te wees van sy verlossingsplan. In sy verlossingsplan mag jy seker wees van: "God met ons!"

*Sing: Skrifberyming 4-7:1, 2 (2001-omdigting);  
Skrifberyming 3:1, 2 (1936-beryming)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*